

Die "Springdingetjie", 'n Inspirasie vir "Science Fiction" Films

As die mense wat films maak inspirasie soek vir nuwe werklik snaakse figure, kan hulle maar in die goggawêreld gaan soek; kyk bv. na hierdie een:



Eurybrachidae nimf in sy volle prag



deur die vergrootglas gesien

Hulle hoort by die besies (bugs, Wanzen), **Hemiptera**. Alle besies is suigende insekte, suig plantsap of vleissap. Hulle verskil in voorkoms **baie**, is van amper onsigbaar vleeskleurig (afhangende van agtergrond) tot helder bont met pragtige patrone. Die helder rooi-, geel-en oranjekleuriges gebruik die kleur as waarskuwing (**STOP!** Ek is nie lekker kos nie OF ek steek seer). Partykeer flous hulle deur middel van die kleur, dan is hulle nie giftig, nog byt hulle seer, nog sonder hulle 'n stinkvloeistof af.

Hierdie besies, die plantspringers (planthoppers / Spitzkopfzikaden), lyk glad nie soos die besies in die tuin wat ons ken nie. By die volgroeide diertjie is daar 'n bietjie van 'n bont mot, breë kop van 'n sonbesie, bietjie van luise, bietjie van skuimbesie (GOGGAstorie "Spoeg-in-die-gras"), bietjie van 'n krap baie **eienaardige** skepseltjies, maar hulle kleintjies (nimfe), lyk **eers snaaks!**

So het ek dit gesien:

'n Sprinkaankophulsel met voelers aan wat op 'n blaar geval het. Toe ek van nader wil bekyk, **spring** dit weg. Dit laat my besef, die springdingetjie is nie dooie insekvel nie, dit **lewe**. Toe ek met die kamera nader beweeg, skuifskarrel die dingetjie **sywaarts** weg en toe **agteruit**, die "**voelertjies**" beweeg onafhanklik van mekaar heen en weer.

Hierdie eienaardige gedrag het my die springdingetjie in 'n konfytbottel laat sit.

Daar kon ek met die vergrootglas kyk:

Die lyfie is vuurhoutjiekop groot.

Wat ek gedink het **voor** is, is in werklikheid **agter**. Die drade wat soos voelers lyk, is 'n wasagtige afskeidings / uitgroeisels van die diertjie. Hulle is kunstig in sigself gedraai. Met hierdie drade (filamente) flous dit moontlike vyande, want ook hulle dink, agter is voor. So beskerm dit sy kopedeelte, wat dan mos nou "agter" sit! Dan word ook nog agteruit en sywaarts geloop om die flous perfek te maak. As die bedreiging te groot word, spring dit sommer weg, en oor dit so klein is, verloor jy dit uit die oog, verdwyn dit tussen die blare. Die optiese ooreenkoms tussen kweekbloesies en die nimf se filamente is opvallend, altans het ek dieskepseltjie ook in die kweek opgemerk.



kweekgras se blomkop

gesien van agter af

van die kant af

van bo

van onder

En dit het ek agterna uitgevind:

Uit die eiertjies kruip nimfe, (so word die kleintjies genoem wat in 'n tussenstadium is tussen eier en papie), wat gewoonlik **heeltemal anders** lyk as die volwasse insek. Hulle kan vervel soos hulle groei, ondergaan 'n gedeeltelike gedaantewisseling (Metamorfose).

Die volwasse insek is 'n sapsuier, dus lewe dit meestal op bome soos sonbesies (cicada, Zikaden). Sapsuiers kan natuurlik 'n probleem in boomplantasies word, maar hier op ons kontinent is skade deur plantspringers veroorsaak nog nie aangemeld nie. In Asië egter verniel hulle sandelhoutplantasies (sandalwood, Sandelholz); hierdie plant word in die kosmetiekindustrie gebruik.

Die skepseltjie is ongeveer 3 cm lank, gevleuel, het ses pootjies en kan teen die agtergrond van bas en blare moeilik uitgemaak word. Hulle lyk of hulle kamoefleerpakke aanhet met grys, groen, bruin vlekke / kolle.

Die eiers word vir beskerming dikwels met 'n waslaag bedek; daar is egter parasitiese besies en wespes wat die waslaag deurboor en hulle eiertjies daar sit om op die ander eiertjies of larwes te teer.

Besies gaan nie deur 'n volledige gedaantewisseling nie, die larwe of nimf word nie papie nie.

Van die nimfe skei 'n soort nektaar af om miere aan te lok; die miere dien as beskerming teen ander vyande (blykbaar is miere nie baie gewild in die goggawêreld nie en ander roofgoggas en voëltjies maak wye draaie om hulle).



Elasmoscelis Fam.
Lophopidae



Elasmoscelis van voor
gesien



Elasmoscelis vasgevang
in klitsgras gevrek



Parapioxys jucundus
Fam.Eurybrachidae

So lyk dan die volwasse plantspringertjie: Dit is ongeveer so groot soos 'n ertjie, net redelik plat en amper vierkantig.. As 'n mens na die voorste paar bene kyk, lyk dit presies soos die van die nimf. Sy bewegingspatroon is ook dieselfde. Merkwaardig is die groot oog bo-op die kop. Van voor bekyk, sien jy duidelik die suigaparaat.

Wie kan dink, dat hy kan vaskleef aan klitsgras se kltse en daar ellendig van honger vrek, waar hy tog op die gras se sap teer?! (Dis waar ek hulle gekry het.)

Die Parapioxys jucundus (Fam.Eurybrachidae) is heelwat groter,so tussen 'n 5c- en 10c-stuk ongeveer.

Dit blyk so te wees, dat ons mense in staat is om kennis te hê van **wat ons kan sien**, maar dis seker slegs 'n breukdeeltjie van die volle waarheid!

Wie sê, "springdingetjie" is nie slim nie, kan nie dink nie???

Teks en fotos : Anka Eichhoff

Inligtingsbronne: Dr.John Irish (**Baie Dankie!**)

Google search: Gee dit in: Eurybrachidae nymf en/of Fulgoromorpha

Field Guide to Insects of South Africa (Mike Picker, Charles Griffiths, Alan Weaving)

Januarie 2016
Geaktualisier **Mart 2016**